

Proewe identifiseer die beste sojabone

Die Landbounavorsingsraad en talle medewerkers se jongste nasionale proefresultate vir sojaboonkultivars lewer nuttige inligting oor verskillende produksiegebiede in Suid-Afrika. Só kan boere die beste kultivars vir hul onderskeie plase selekteer.

Hoewel sojabone byna wêreldwyd verbou word, het individuele kultivars 'n beperkte gebiedsaanpassing. Dus sal die kultivar wat die beste vir 'n gegewe omgewing aangepas is, dié een wees wat oor 'n aantal jare die hoogste opbrengs en graangehalte lewer. In vergelykbare omgewingstoestande en produksiepraktyke kan boere kultivars met 'n hoë opbrengs en bogemiddelde opbrengs-waarskynlikheid kies.

Daarom voer die Landbounavorsingsraad (LNR) se Instituut vir Graangewasse (IGG) jaarliks saam met talle medewerkers kultivarproewe uit om beskikbare kultivars in verskillende toestande te evalueer.

Die belangrikste inligting oor kultivarkeuse by sojabone is die duur van die groeityd. Anders as by die meeste algemeen verboude gewasse, is sojabone gevoelig vir dagliglengte en 'n gegewe kultivar sal ál later ryp word hoe verder suid dit in Suider-Afrika geplant word.

Om dieselfde rede sal die plantdatum ook die duur van die groeityd beïnvloed en 'n gegewe kultivar sal heelwat gouer teen 'n later plantdatum blom. Die heersende temperatuur (veral snags) het ook 'n invloed en sojabone groei heelwat stadiger op die



Me. Annelie de Beer. FOTO: IGG



Me. Lizette Bronkhorst. FOTO: IGG

KORTOM

- Die duur van die groeityd is die belangrikste inligting ten opsigte van kultivarkeuse by sojabone.
- Graanopbrengs gee 'n aanduiding van 'n kultivar se genetiese aanpassing en geskiktheid vir 'n bepaalde gebied.
- 'n Waardevolle hulpmiddel by kultivarbeplanning is die waardes vir waarskynlike opbrengs.

Hoëveld as in die warmer Laeveld.

Vir boere met ervaring van sojaboonproduksie kan die gevoeligheid vir dagliglengte en genetiese variasie vir die relatiewe duur

van die groeityd met vrug gebruik word vir hooi-produksie (plant kultivars met 'n lang groeityd), stroopskedulering (plant kultivars met verskillende rypworddatums) en droogte-ontwyking of noodaanplantings (plant kultivars met 'n relatief kort groeityd).

Vir boere wat nie ervaring van sojaboonproduksie het nie, kan dié eienskap veroorsaak dat die sojabone weens 'n verkeerde kultivarkeuse nie wil ryp word nie ('n kultivar met 'n te lang groeityd is geplant), reeds oesgereg is terwyl reën en hoë temperatuur stroopwerk bemoeilik en gehalte benadeel ('n kultivar met 'n te kort groeityd vir 'n gebied is geplant) en onstroopbaar is (die kultivar dra die peule te laag).

BESTE GRAANOPBRENGS

Graanopbrengs dui 'n kultivar se genetiese aanpassing en geskiktheid vir 'n bepaalde gebied aan. Vir die 2015-'16-produksiejaar is 26 kultivars geplant en geëvalueer. **TABELLE 2, 4** op bl. 46 en **6** op bl. 47 bevat inligting oor die opbrengs van die kultivars vir die 2014-'15- en 2015-'16-produksiejaar op onderskeie plekke. Gebruik die opbrengsdata saam met die opbrengswaarskynlikheidstabelle om 'n kultivarkeuse te maak.

'n Nuttige hulpmiddel by kultivarbeplanning is die waardes van waarskynlike opbrengs (die kans om 'n bogemiddelde opbrengs by 'n bepaalde opbrengspotensiaal te behaal).

As die opbrengswaarskynlikheid van 'n kultivar by 'n sekere opbrengspotensiaal byvoorbeeld 60% is, dui dit op 'n 60%-kans op 'n bogemiddelde opbrengs en 'n 40%-kans op ondergemiddelde prestasie.

Die opbrengswaarskynlikheid van die 14 kultivars vir die drie verbouingsgebiede (warm, matig en koud) word in **TABELLE 1, 3** op bl. 46 en **5** op bl. 47 aangebied. Dit bevat inligting oor kultivars wat vir drie jaar in dié proewe ingesluit is. Weens die jaarlikse toevoeging en onttrekking van kultivars is 'n meerjarige opbrengswaarskynlikheid op slegs 'n beperkte aantal kultivars moontlik.

Die tabelle kan gebruik word om 'n kern-

TABEL 1: OPBRENGSWAARSKYNLIKHEID (%) VAN KULTIVARS GEËVALUEER IN 2013-'14, 2014-'15 EN 2015-'16 VIR DIE KOELER PRODUKSIEGEBIEDE BY VERSKILLENDE OPBRENGSPOTENSIALE

Kultivar	Opbrengspotensiaal (t/ha)							
	1,0	1,5	2,0	2,5	3,0	3,5	4,0	4,5
DM 6.2i RR	42	44	46	50	52	56	58	61
LS 6146 R	44	41	39	37	35	33	32	31
LS 6161 R	53	51	48	46	43	41	38	37
LS 6164 R	54	53	50	48	45	44	41	40
LS 6240 R	44	46	47	48	49	51	52	54
LS 6248 R	59	59	60	60	60	60	59	59
LS 6261 R	59	56	52	48	43	40	36	34
PAN 1454 R	59	55	50	45	40	36	32	29
PAN 1500 R	67	66	63	62	59	56	53	51
PAN 1521 R	49	57	64	72	78	83	86	89
PAN 1614 R	32	35	39	43	48	52	57	60
PAN 1623 R	73	73	71	70	67	65	62	59
PHB 94 Y 80 R	43	48	54	60	66	71	75	78
PHB 95 Y 20 R	32	28	24	20	17	15	13	12

